

20 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 54

Fokusgedeelte: Jesaja 54:1, 5

Juig en jubel, want jou Maker is jou Man!

Die verhouding tussen man en vrou word baie dikwels gebruik as beeldspraak om na die verhouding tussen die Here en die gelowiges te verwys. Die aangrypende toneel van 'n man wat sy vrou weens owerspel verstoot, word in ons teksgedeelte na vore gebring. 'n Vrou, skuldig aan owerspel, en onvrugbaar daarby, word deur haar man verstoot.

Presies so het die Here met sy volk Israel gemaak! Sy het aaneen agter ander gode aan gehoereer, en haar gebrek aan oorgawe aan die Here, en Hom alleen, het daartoe gelei dat sy nie mense uit ander volkere na die Here getrek het nie. Hieroor is sy verstoot en verlaat (vs 6).

Nog meer aangrypend, egter, is die vergewingsgesindheid van die Here (vs 6 en 7), asook die droefheid van die vrou, wat dui op bekering en die verlange na haar Man.

Hier op aarde gebeur dit selde dat 'n man sy owerspelige vrou terugneem. Hoe kan 'n man egter sy eie vrou vergeet? vra die Here. Soos Hy gesweer het dat daar nooit weer 'n sondvloed sal wees nie (vs 9), het Hy Hom weer oor sy volk, sy "vrou", ontferm.

Verlossingsgenade in Christus word die vervulling van die Here se beloftes. In Hom bars die evangelie uit sy nate, en word die tentdoeke breër gemaak, die tentlyne langer, en word die penne dieper ingeslaan. Ja, mense uit alle volke, stamme, nasies en tale word kinders van God, soos Hy hier belowe!

Deur God se genade in Christus, kan ons nou ook uitroep, kan ons ook jubel en juig: My Maker is my Man! Vrugbaar moet ons die evangelie verder dra. So moet ons die evangelie leef, dat mense ons ook aan die klere gryp, om met ons op hierdie vreudepad saam te gaan (Sag 8:23). En – kan ons, nuutgemaakte bruid deur die werk van die Heilige Gees, uitsien na die koms van die hemelse Bruidegom, wanneer die verhouding nuut sal wees!

Jubel en juig jy ook oor hierdie heerlike verwagting?

Sing: *Psalm 45:1, 2, 9, 10 (1936-beryming)*

Ds LSD du Plessis (Groblersdal)